BELEGGINGS • AFTREEBEPLANNING • BUITELANDSE BELEGGINGS
BELASTINGBEPLANNING • BOEDELBEPLANNING • LEWENSVERSEKERING

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH



DIE KRAG VAN ONAFHANKLIKE ADVIES



# INTERNASIONALE MARKTE

## GROOTSTE INTERNASIONALE MARKTE BELEEF GOEIE MAAND

**Die vernaamste internasionale markte het in Mei goed gevaar onlangs politieke spanning ná Noord-Korea 'n derde missieltoets in minder as drie weke uitgevoer het. Beter verdienste deur Amerikaanse maatskappy en positiewe ekonomiese data het Amerikaanse aandele in Mei gesteun en die grootste indekse het die maand positief afgesluit. Die S&P 500 en die Nasdaq Saamgestelde indekse het in Mei nuwe hoogtepunte aangeteken en al drie die vernaamste Amerikaanse indekse (Dow Jones, S&P en Nasdaq) het beter syfers teenoor April aangeteken. Die Nasdaq het die maand op +2.5% afgesluit, die sewende maand van stygings vir hierdie indeks en die langste aaneenlopende lopie sedert 2013, terwyl die S&P 500 op +1.2% en die Dow op +0.3% gesluit het teenoor die vorige maand**.

In Europa was markte onder druk weens onsekerheid oor 'n verkiesing in die VK en verrassende inflasiesyfers. Tog het die euro-gebied die beste ekonomiese data in meer as 'n dekade aangekondig. Indrukwekkende groei is deur maatskappye bekend gemaak en sommige sukkel om by die vraag na goedere by te bly. Die DAX in Duitsland het die maand op +1.4% afgesluit, Frankryk se CAC was 0.3% hoër, die VK se FTSE100 het 4.4% hoër as die vorige maand gesluit.

In Asië het Japan se Nikkei die maand 2.4% hoër as April afgesluit. In China het die Shanghai Saamgestelde indeks die maand 1.2% laer afgesluit. Dit was die indeks se derde agtereenvolgende maand van dalings wat deels deur die afgradering van China geraak is. Ontleders bly positief oor groei-vooruitsigte vir China.

Vervaardigingssyfers het die mark se verwagtinge oortref en dit wil voorkom of afwaartse druk op China se ekonomiese groei-vooruitsigte verbeter het. Honk Kong se Hang Seng Indeks het met 'n indrukwekkende 4.3% vir die maand gestyg, die grootste styging sedert Januarie.

## SUID AFRIKA QUO VADIS?

### SEMINAARREEKS 2017—BESPEEK NOU




**BRENTHURST SE GEWILDE SEMINAARREEKS – "SUID-AFRIKA QUO VADIS?", WAT IN SAMEWERKING MET MONEYWEB AANGEBIED WORD, KEER IN JUNIE TERUG.**

Seminare word aangebied in Johannesburg (13 Junie), Kaapstad (20 Junie), Stellenbosch (21 Junie) en Pretoria (6 Julie). Kundige sprekers **MAGNUS HEYSTEK**, beleggingstrateeg en direkteur van Brenthurst Wealth, politieke ontleder **NIC BORAIN**, beleggingskenner **SAM HOULIE** van Counterpoint Batebestuur en **RYK VAN NIEKERK**, redakteur van Moneyweb, sal die stand van sake betreffende politiek, die ekonomie en beleggingsvooruitsigte bespreek en hul insigte deel oor wat in komende maande verwag kan word.

**Besprekings is aanlyn op Quicket. KLIK HIER:** https://www.quicket.co.za/events/?search=Brenthurst.



Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833

# PLAASLIKE MARKTE
## POLITIEKE DRUK RAAK JSE EN GELDEENHEID

**Die beste nuus van die maand was die aankondiging dat verbruikersprysinflasie nou op 5.3% jaar op jaar staan, die laagste in 17 maande. Dit was grootliks danksy beduidende verbetering van voedselprysinflasie ná die ergste droogte in dekades in die meeste voedselproduseringgebiede in SA geëindig het.**

Die plaaslike beurs het nie te waffers gevaar nie, danksy negatiewe sentiment aangevuur deur voortslepende politieke drama wat onsekerheid aanblaas. Onthullings van epos boodskappe wat die beweere invloed van die Gupta-familie op die staat en President Jacob Zuma uitwys het groot opslae gemaak. Die rand het tot onder R13 teen die Amerikaanse dollar gedaal enkele dae voor 'n vergadering van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee toe hoop onstaan het dat die President oplaas deur die ANC herroep sal word. Dit het nie gebeur nie en die plaaslike mark en geldeenheid was weereens onder druk. Die rand het nogtans die maand op +1.9% teenoor April afgesluit danksy verswakking van die dollar.

Op die JSE het die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele Mei 0.5% in die rooi afgesluit (jaar tot datum +5.7%) na dit in April goed gevaar het. Die Resi-20 en Fini-15 het ook verswak op onderskeidelik -3.5% en -1.8% vir die maand. Nuus dat China se kredietgradering vir die eerste keer in byna 30 jaar afgegradeer is het ontluikende markte wêreldwyd seergemaak en die plaaslike mark was geen uitsondering nie. Die Indi-25 het baie beter gevaar en die maand 1.8% hoër afgesluit, gesteun deur goeie prestasies van verskeie nywerheidsaandele, in die besonder Naspers. Vir die jaar tot datum is die Indi-25 nou 14.7% hoër terwyl die Resi-20 en Fini-15 onderskeidelik 2.8% en 2.0% laer is vir die jaar tot datum.

Nywerheidsaandele het in Mei die beste gevaar met Group Five bo-aan die lys op +28.2% vir die maand. In tweede plek was Dis-Chem (+17% vir die maand) gevolg deur Nampak (+14.5%). Hulpbronaandele, in die besonder goud en platina-aandele het die swakste gevaar ná die afgradering van China druk op kommoditeitspryse geplaas het. Sibanye Gold (-41.5% maand op maand) het die slegste gevaar, gevolg deur Lonmin (-33.4% vir die maand) en Adcorp Holdings (-20.9%).

**Vir die jaar tot datum behoort die beste prestasie aan Naspers (+34.8%), Adcock Ingram (+28.1%) en Astral Foods (+24.1%).**

Ander groot nuus wat in Mei aangekondig is was die besluit van General Motors (GM) om aan SA te onttrek. Die sakeblad Financial Mail het berig dat hoewel die SA voertuigbedryf gemeet aan die internasionale bedryf klein is, die SA motorbedryf deur voertuig- en onderdelevervaardigers regstreeks 111 300 mense in diens het. "As die kleinhandelaars van onderdele, handelaars en ander poste gekoppel aan die voertuigmark in ag geneem word is die syfer meer as 900 000," aldus die tydskrif se verslag.

**"GM se besluit is 'n groot saak. Die maatskappy is vir meer as 100 jaar in SA en het vir meer as 90 jaar voertuie in SA vervaardig," volgends die berig.**

Die motorbedryf sukkel steeds. Verkope van nuwe voertuie het in Mei met 2.6% gedaal teenoor die vorige jaar. In April was verkope ook laer en gevolglik is verkope vir die jaar tot datum 1.7% laer. Die Nasionale Vereniging van Voertuigvervaardigers (Naamsa) het in sy verslag oor die syfers gesê die plaaslike bedryf is onder druk danksy die afgradering van SA tot rommelstatus. "Die afgraderings deur Fitch en S&P vroeg in April het voertuigverkope nadelig geraak. "Mei was 'n beter maand aangesien daar meer handelsdae was as in April. Tog het verkope gedaal. Ons skryf dit aan negatiwiteit van kopers toe," het Naamsa in sy verslag gesê.

**Bronne:** Anchor Capital Wheels24.co.za Moneyweb